

Dr. W.J. Leyds het vir my ouers en my 'n beskrywing gegee van 'n insident wat te Pretoria plaasgevind het, toe hy Staatsekretaris van die Z.A.R. was.

Hy het vertel dat hy een nag wakker gelê het, na 'n heftige meningsverskil met die President. En alhoewel hy groot agting vir die President gekoester het, was hy oortuig dat hy reg was en nie van standpunt kon verander nie.

Diep ongelukkig het hy homself afgevra: of hy dan maar moet oppak en terugkeer na Holland? Maar sy hart het warm geklop vir die Boerevolk, daarom wou hy bly en die Republiek dien.

Op daardie oomblik van vertwyfeling het die geklap van perdepote die nagtelike stilte verbreek, eers vér en toe nader, om uiteindelik voor sy tuinhekkie tot stilstand te kom. 'n Harde geklop het hom uit die bed laat spring en na die voordeur laat snel. Voor die deur het die President gestaan.

"Ek is jammer, Leyds, jy had gelyk!" het hy nederig erken.

Weer eens bewoë het Dr. Leyds sy verhaal afgesluit met die woorde: "Het is om nooit te vergeten!"

Toe die oorlog met Engeland, wat al so lank gedreig het, 'n voldonge feit geword het, het die bejaarde President maar min geslaap, want hy het streng bevele gegee, dat hy gewek moes word vir elke belangrike berig van die oorlogsfront. En terwyl hy homself snags op hoogte van sake gehou het, het hy koffie gedrink. Gevolglik het die huishouding in die Krugerhuis ook nooit heeltemal tot rus gekom nie.

'n Gebeurtenis wat Pretoria in rep en roer gehad het, was die eerste Engelse krygsgevangenis wat Kerkstraat afgemarsjeer het, onder berede Boere geleide. Oud en jonk het kom kyk. Mammie het vertel: dat sy gesien het hoe 'n opgeskote knaap die gevangenes uitgekoggel het. Skielik het haar broer, Kommandant Eloff, met sy sweep in die rigting van die knaap geklap en hom toegesnou: "Mens trap nie iemand wat onder is nie!"

My vader, wat 'n lid van Danie Theron se verkennerskorps was, was in Pretoria met die laaste sitting van die Volksraad, en is toe, as enigste predikant in die Hoofstad op daardie tydstip, versoek om die verrigtinge met gebed af te sluit. Hy het langs die President gestaan, terwyl hy ons Boerevolk in hul worstelstryd aan God opgedra het. Dit was 7 Mei 1900.

Iets meer as drie weke later, het Paul Kruger gehoor gegee aan die dringende versoek van sy raadgewers, om sy woning vir 'n spoorwegkoets te verruil, teneinde uit die hande van die oprukkende Engelse leërs te bly, sodat die vryheidsstryd kon voortgaan. – Sy vrou, Gezina, kon hom weens



Briefkaart gedateerd 2 Februarie 1900

gesondheidsredes nie vergesel nie. Oor die roerende afskeid tussen die twee oumense laat ons liewer 'n sluier val. Hulle het mekaar nooit weer gesien nie.

Vóór sy vertrek, het Paul sy vrou Gezina aan die sorg van hul oudste dogter Elsie Francina en haar man Frederik Christoffel Eloff toevertrou. 'n Opdrag wat my grootouers trou nagekom het, bygestaan deur hul dogters. Kort van tevore het hul reeds van Villa Francina te Eloffsdal, terug verhuis na hul dorps huis langs die Krugerwoning, teneinde hul ouers van diens te kan wees. En nou was die geleenthed daar.

Na die Engelse besetting van Pretoria, was die Kruger- en Eloffwoniings altyd oop vir ons eie mense, wat in nood verkeer het, of in rou gedompel was.

Wanneer hulle noodgedwonge op straat moes verskyn, het die familielede van die President by die vyand verby gestaar, asof hulle nie bestaan het nie. Dit het Nettie en Ellie Eloff ook gedoen, toe 'n knap jong Britse offisier na hulle toe aangestap gekom het. Nadat hy hulle gewaar het, het hy baie stadig geloop en toe hy hulle bereik het, ineens in Afrikaans gesluister: "Nettie, Ellie, sê aan Mevrou Kruger dit gaan goed met ons mense in die veld!"



Elsie Francina Elof met die loshangende hare — later gehuud met H.D. Broekhuizen. Saam met haar suster Nettie Elof, later gehuud met Bredell.

“Dankie Danie!” bang om die dapper Boereverkenner, Danie Theron, se teenwoordigheid te verraai, het die twee meisies skaars hul verroer, skaars hul stap vertraag. In ’n gebuite Engelse offisiersuniform, het die baasverkenner, Danie Theron, sy gevaarlike verkenningstog in die hartjie van die vyandelike besetting voortgesit, bly dat hy ’n boodskap van hoop aan tant Siena kon stuur.

Nege maande na haar man se vertrek, het Gezina Kruger se gesondheid vinnig agteruit gegaan. Eendag het ’n Engelse offisier sy verskyning by die Krugerhuis gemaak, met die opdrag om die Presidentsvrou en haar familie na ’n konsentrasiekamp te vervoer. Een van die Eloff-dogters het hom te woord gestaan en hom meegedeel: “My grandmother cannot travel . . . she is dying.” Die offisier het egter daarop aangedring: dat hy homself moes verwittig van die waarheid van haar bewering. Stil het sy hom voorgegaan na die sterfkamer, sag geklop en oopgemaak. In die deur het die Engelsman vasgesteek, gesalueer en weggegaan. Op 20 Julie 1901 is sy oorlede.

Die Eloffgesin is voor die keuse gestel om konsentrasiekamp toe te gaan of verban te word. Hulle het die laaste gekies en by Paul Kruger in die vreemde aangesluit.

Die Krugerhuis het ’n huis van herinneringe geword.

## MEV EN DR VAN BROEKHUIZEN EN PRETORIA

(deur **H.F. van Broekhuizen**)

Altwee my vader en moeder het hulle bydrae tot die geskiedenis van Pretoria gelewer, maar elkeen op sy eie manier, daarom sal ek hulle afsonderlik behandel.

*Mev van Broekhuizen: (Elsie Francina Eloff, 8.3.1888 – 8.9.1945).*

Dogter van Frikkie Eloff en kleindogter van President Kruger het sy op die plaas van haar vader naby Pretoria grootgeword. Sy is saam met President Kruger in ballingskap waar sy my vader in Suide van Frankryk ontmoet het, toe hy as die President se predikant opgetree het. Sy is in 1904 in die Grootte Kerk in Kaapstad met hom getroud en het in 1907 saam met hom na Pretoria

teruggekeer. Sy het my vader getrou as predikantsvrou bygestaan, maar haar rol in die openbare lewe het eers met die uitbreek van die Rebellie 'n aanvang geneem. Sy het die vroue van Pretoria georganiseer om hulp te verleen aan die gevange Rebelleleiers. Sy het ook 'n leidende rol gespeel in die organisasie van die vrouebetoging van 1915, en was een van die vroue wat die petitie aan die Goewerneur-Generaal oorhandig het, vir die vrylating van die rebellieleiers.

As Predikantsvrou het sy my vader vergesel op huisbesoek op die platteland, waar sy vasgestel het dat die aantal stiefmoeders groot was, weens die hoë sterftesyfers van die boerevrouens tydens kindergeboorte. Sy het besluit om iets te doen om beter mediese hulp aan boerevroue te verskaf.

Sy dien 'n beskrywingspunt by die Vroue Nasionale Partykongres van April 1918 in vir die oprigting van 'n hospitaal vir die opleiding van Afrikaanse meisies in die verloskunde. Hierdie beskrywingspunt is aanvaar en 'n afvaardiging is na die Administrateur gestuur om vir finansiële hulp te vra. Die Administrateur was simpatiek, maar het as voorwaarde gestel dat alle partye aan so 'n organisasie moet deel hê.

Op 31 Januarie 1919 verskyn in "Ons Vaderland" die aankondiging van die stigting van die Bond van Afrikaanse moeders. Die komiteelede was die volgende:

*Die Vroue Nasionale party:* Mev van Broekhuizen (voorsitster),  
*Die Suid-Afrikaanse vroue-party:* Mev Greenlees  
*Die Suid-Afrikaanse vroue federasie:* Mev Preller  
*Die Helpmekaar beweging:* Ds J.A. du Plessis.

In April 1920 word aangekondig dat die Moedersbond die huis van President Kruger gehuur het as sy eerste tuiste.

My moeder was altyd baie geheg aan die Moedersbond. Sy het die Moedersbond beskou as haar groot bydrae tot die verbetering van die lewe van die Afrikaanse moeder. Op haar graf staan: *Moeder van die Moedersbond*.

*Dr. H.D. van Broekhuizen: (17.6.1872 – 4.8.1953).*

Ds van Broekhuizen word op 10 Februarie 1899 as hulp-prediker onder Ds Bosman ingeseën. Op 10 Oktober 1899 sluit hy die laaste sitting van die Transval se Volksraad met gebed. Op 12 Junie 1900 keer hy van kommando af terug na Pretoria, weens die ernstige siekte van sy moeder, die volgende dag arresteer die Engelse militêre owerheid hom. Toe hy voor Generaal Maxwell die Engelse goewerneur van Pretoria verskyn, weier hy om die eed van neutraliteit af te lê en gaan vir tien dae tronk toe. Hy word op parool losgelaat en moet twee maal per week by Generaal Maxwell rapporteer. Na drie weke word hy uit Suid-Afrika gedeponeer.

Lord Milner laat hom nie toe om na Pretoria terug te keer nie. Eers op 24 Januarie 1907 kon hy sy pligte as predikant in Pretoria hervat. Ds van Broekhuizen het pionierswerk gedoen deurdat hy en sy jongeliede vereniging een van die eerste organisasies was wat op 10 Oktober 'n krans op die Krugergraf gaan lê het.

As voorsitter van die Afrikaans-Hollandse Taalvereniging rig hy in 1908 'n brief aan die "Volkstem". In hierdie brief kritiseer hy die Smuts onderwyswet skerp vir die verwaarloosing van die Hollandse taal. 'n Nuwe minister van onderwys is nodig. Op die "Boys High" Hoërskool word die Engelse taal en godsdiens in die Afrikaanse kind se keel afgedruk.

Ds van Broekhuizen was aktief betrokke by die Krugerherdenking op 10 Oktober 1914 in die Operahuis, waar 'n ernstige botsing plaasgevind het tussen die twee taalgroepe.

Op Sondag 11 Oktober het hy in sy preek oor die teksvers: "Trek niet op want de Here zal niet met u zijn", die Suid-Afrikaanse inval in Suidwes skerp gekritiseer.

Ds van Broekhuizen het aktief aan die Rebellie deelgeneem en het 18 maande in die Johannesburgse fort deurgebring. Weens 'n botsing met Ds Bosman en die kerkraad het hy op 17 Januarie 1915 sy bedanking as predikant by die kerkraad ingedien. Eers op 7 Augustus 1917 word Ds van Broekhuizen weer deur die Minister van Justisie toegelaat om 'n beroep van die Hervormde Kerk te aanvaar. In 1925 word Dr van Broekhuizen (hy het sy doktoraal in 1922 aan die Universiteit van Utrecht behaal) verkies tot Parlementslid vir Pretoria-distrik-suid. In 1929 word hy verkies tot lid vir Wonderboom. In 1930 speel hy 'n leidende rol in die loods van privaatwetsontwerp wat die Universiteit van Pretoria as 'n onafhanklike universiteit daargestel het. As bewys van waardering vir sy dienste aan die Universiteit en sy stryd vir die Afrikaanswording van die Universiteit, het die Raad van die Universiteit hom 'n Pierneefskildery geskenk wat nog in besit van my suster, mev E.F.E. van Huyssteen is. In Augustus 1933 aanvaar hy die aanstelling as Suid-Afrikaanse gesant in Den Haag.

In Pretoria het hy as vurige mens en kampvechter vir die Afrikaner se regte homself laat geld. As edelmoedige opponenter het hy altyd respek afgedwing.

#### Bibliografie:

*Die van Broekhuizenversameling in die Staatsargief:*

"Ons Vaderland", 28 September 1918.

"Ons Vaderland", 31 Januarie 1919.

"Ons Vaderland", 1 April 1919.

Parlementêre debatte 1930.

# THE ATTACK ON ROOIHUISKRAAL


## 12th February 1881

(By D.G. van der Byl)

Nearly a hundred years have elapsed since the hundred-day siege of Pretoria from December 1880 to March 1881. There are therefore no veterans still surviving who can describe the events of that war. This account is therefore designed to throw a little light on the military actions which took place around Pretoria during the siege, particularly on the south side where urban development is now advancing apace and the Battlefield of Rooihuiskraal will soon be covered by roads and hundreds of houses.

During the siege the Administrator of Transvaal, Sir Owen Lanyon, was in Pretoria as were the Officer Commanding Transvaal District, Colonel Bellairs, and the Commander of the Pretoria Garrison, Lieut. Colonel Gildea. In command of the Boer Forces round Pretoria was Commandant-General H. Schoeman and the Boers at the Rooihuiskraal Laager were commanded by Commandant J. Erasmus.

The British troops were sent out of Pretoria from time to time to reconnoitre and forage. The first sortie, consisting of fifty men, was led by Lieut. O'Grady to the south of Pretoria on 28th December 1880 and a skirmish with the Boers took place on the Heidelberg road, two of the men being injured and one Boer killed. Next morning, 29th December, Lieut. Colonel Gildea led three hundred and thirty men with two mountain guns to the same area and, having crossed the Hennops River (also referred to as the Six Mile Spruit and Erasmusspruit), advanced and occupied a ridge (Bakenkop) three thousand metres beyond the river after driving the Boers off the hill with shellfire. The Boers then concentrated at the Red House, four thousand metres away. Shells were fired in the direction of the house and the cattle-kraal and the Boers then sought to remove their cattle whereupon Captain D'Arcy's troop moved forward to attempt to capture the oxen. The Boers fired from loop-holed walls to the rear of the house and wounded Captain D'Arcy and several others. Reinforcements, led by Captain Sanctuary, came up and checked the Boer fire thus enabling a comparatively orderly retirement to take place, but without the cattle and some of the men having lost their headgear.



BATTLE OF. ROOIHUISKRAAL 12 FEB 1881

On 6th January 1881 an attack was made on the Boer positions to the east of Pretoria at Zwartkoppies where seventeen Boer prisoners were taken and six of the attacking troops killed. On 16th January a sortie was made to the west of Pretoria with the object of destroying the Boer laager near the Elandsfontein Ridge; this was not achieved and two of the attackers were killed and eight wounded and two were awarded the Victoria Cross. On 23rd January a skirmish to the north of Pretoria, near Wonberboom, resulted in one soldier being wounded. The perimeter had thus been tested in all directions of the compass.

On 7th February the news reached Pretoria of General Colley's reverse at Laing's Nek which meant that the Relief Column's arrival in Pretoria must be considerably delayed. There was apparently a difference of opinion between Sir Owen Lanyon and Colonel Bellairs as to whether any further attacks on the Boers should be made before it was known that the Relief Column was nearing Pretoria. The views of the former prevailed and it was decided to attack the Red House Laager in preference to the Wonderboom position which had formidable natural defences.

Accordingly, at 2 a.m. on 12th February 1881, a column commanded by Lieut. Colonel Gildea and consisting of a total of some nine hundred men, a Krupp four-pounder gun and two nine-pounder field guns set out and, leaving the Potchefstroom road to the right, headed southwards along the Heidelberg road. Captain Sanctuary led the Carbineers across the Hennops River to the hill beyond (Bakenkop) whilst the Pretoria Rifles under Major Le Mesurier with the Krupp gun occupied the high ground to the left overlooking the drift and Lieut. Collings with mounted Fusiliers occupied the hill to the right (Swartkop). The main body of the column went forward to the position held by the Carbineers and Captain Sanctuary was then ordered to attack the large stone cattle kraal nine hundred metres to the south of the Red House. Lieut. Colonel Gildea followed the Carbineers with the main column now consisting of the two field guns and some one hundred and seventy men. This column halted in a good position amongst some thorn trees on a rise fourteen hundred metres from both the kraal and the Red House, the latter now lying to the right.

As dawn broke the Boers could be seen in occupation of the kraal. The Carbineers attacked and, as they came close to the kraal, they were subjected to intense fire from the defenders. Captain Sanctuary and several others were struck down and the Carbineers were beaten back to a position on the left of the main column whereupon the guns brought accurate fire to bear on the kraal (one report states that the walls were breached) as a result of which the Boers evacuated the kraal, but they did not retreat from the battlefield. They galloped away to the south under cover of 'dead' ground and circled round to the east where they were joined by reinforcements coming from the Doornkloof Laager situated a few kilometres to the east (where Irene now is).

The enlarged Boer force then moved northwards and westwards and, from the cover of some thorn trees, attacked the already mauled Carbineers on their left flank and in the rear. This counter-attack led by Veldkornet Erasmus, coming from such an unexpected quarter, caused the Carbineers to give way in their centre thus enabling the Boers to come within four hundred metres of the guns and the main column. Lieut. Colonel Gildea attempted to restore the situation by sending the Engineers, led by Lieut. Commeline, to the assistance of the Carbineers.

This was the critical stage of the engagement as the Boers were raking the main column with crossfire and, before the situation could be restored, Lieut. Colonel Gildea was shot in the buttocks and had to be placed on a wagon from which position he ordered Captain Dunn to effect a withdrawal which soon became an uncontrolled retreat as the mule-drivers, scared by the bullets whistling past them, began a headlong homeward rush. The driver of the leading wagon, on being threatened by an officer with a revolver, was forced to stop and thus the pace of the retreat was reduced and the column, with assistance from the Krupp gun above the drift, was enabled to cross the river without further attack from the Boers. The engagement ceased in this manner at 8 a.m.

The ambulance wagon had been left behind and was captured by the Boers. It was recovered the next day and returned with the wounded amongst whom was young D. Erasmus who had been seriously wounded and died the following day. Only one man was killed in action, but seventeen were wounded and half of these died including Captain Sanctuary who had been shot through both legs. This gallant Captain strapped a ramrod to his leg to support the broken bone so that he could continue the fight. Not one on the Boer side was killed. The Boers taken prisoner in the Swartkoppies engagement on 6th January were exchanged for the British wounded at Rooihuiskraal the day thereafter.

The overall result was thus a resounding victory for the Boers who, with about eighty men, firstly repelled the advance of some two hundred regular troops and then, by a spirited and well-conceived counter-attack, caused the retire order to be given to the entire forward column. On the British side the disablement of their Commander and the subsequent order to withdraw resulted in a panic which did not end until the column of some nine hundred troops had reached Pretoria in what may be described as a rout.

After the Rooihuiskraal engagement the British troops did not again venture out of Pretoria until the siege had ended on 28th March following the peace concluded after the Battle of Majuba which took place on 27th February 1881.

Perhaps the planners of greater Verwoerdburg will be able to preserve or reconstruct the stone cattle kraal in a park or other suitable place so that the battlefield will not disappear under the waves of the advancing metropolis; and perhaps this could be done in time for the centenary of the Battle of Rooihuiskraal on 12th February 1981.

## Die Inwyding van die Delagoabaai Spoorweglyn

(saamgestel deur N.A. Coetzee)


*Inleiding (Geneem uit die Gedenkboek "In Memoriam N.Z.A.S.M.")*

Toen, in de eerste helft van Juli 1895 Pretoria de op 1 Januari van dat jaar plaats gehad hebbende volledige opening van de Delagoabaai Spoorweglyn tusschen Lourenço-Marques en de Transvaalsche Residentie op schitterende wijze vierde, was de geestdrift, waarmede dit belangrike feit in de geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek werd begroet, algemeen en oprecht, niet alleen bij onze landgenooten, maar ook bij het meerendeel der Transvalers.

Op 8, 9 en 10 Juli was Pretoria in feestdosch gehuld. Uit alle Staten en Koloniën van Zuid-Afrika, en ook van vele landen buiten dat wêrelddeel, waren afgevaardigden van Regeeringen en Spoorwegbesturen op uitnodiging van de Regering der Republiek te zamen gestroomd, en de meest hartelijke bewijzen van sympathie werden in die dagen gewisseld.

Vele extra treinen liepen ten gerieve der gasten en burgers naar Lourenço-Marques, om hun gelegenheid te geven met de nieuw geopende lyn kennis te maken, en ook Staatspresident Kruger bezocht deze voor de Republiek zoo bij uitstek aangewezen en gunstig gelegen haven.

Enkele Europeesche mogendheden, waaronder ook Nederland, hadden zich aldaar door een of meer oorlogsschepen doen vertegenwoordigen om te doen blyken van hunne belangstelling in de feestviering der Zuid-Afrikaansche Republiek.



Om aan het feest een nationaal karakter te geven en de burgers der Republiek in de gelegenheid te stellen de nationale lijn in oogenschouw te nemen, werd aan iederen burger, die zich daartoe anmeldde, gedurende de maanden Juni tot en met September toegestaan een reis naar Lourenço-Marques op staatskosten te maken, waarvan een druk gebruik werd gemaakt.

Het hoofddoel van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij was bereikt; de voltooiing van den Spoorweg van de Portugeesche grens naar Pretoria, Johannesburg en de Vaalrivier was een feit geworden. Zoo was dan het plan verwezenlijkt, tot welks uitvoering zoo lang en krachtig was gestreden, waaraan vele kostbare levens geofferd en aanzienlijk kapitaal gewaagd waren en aan welks totstandkoming menigmaal in arren moede was getwijfeld.

Kortelijks zij hier de geschiedenis der N.Z.A.S.-Maatschappij tot op den gewichtigen dag der opening van de Delagoabaailijn herdacht\*).

\* ) Ofschoon dit werk een vervolg is van het *Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der feestelijke opening van den Delagoabaaispoorweg in 1895*, meenen wij voor hen, die dit Gedenkboek niet meer bezitten, omdat het bij hun gedwongen vertrek uit Zuid-Afrika moet achtergelaten worden of verloren ging gedurende den oorlog, in 't kort de geschiedenis vóór 1895 te moeten herhalen.

Nadat reeds in 1874 door den Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek eene Commissie was benoemd om met de Regeering tezamen een plan voor te stellen tot aanleg van een spoorweg naar de op Portugeesch gebied gelegen haven aan de Delagoabaai, vertrok de toenmalige Staatspresident Burgers in het begin van het volgend jaar naar Europa, ten einde eene regeling te treffen met de Portugeesche Regeering, van deze eene concessie te verkrijgen voor den aanleg en de exploitatie van een spoorweg van Lourenço-Marques tot de grens der Zuid-Afrikaansche Republiek en tevens eene leening aan te gaan van £300 000 voor den bouw van een 120 mijl langen spoorweg tot aan den voet van den Drakensberg. Weliswaar slaagde hij er in voor £5 000 eene door den heer Moodie verkregen concessie te koopen en een handels- en spoorwegtractaat met Portugal aan te gaan, maar op de te Amsterdam den 24en Januari 1876 uitgeschreven leening van £300 000 werd voor niet meer dan £93 833 geteekend. De Zuid-Afrikaansche Republiek scheen toen gedurende de zomermaanden, deed verlangend uitzien naar een gezonder oord op of nabij het Hoogeveld en toen de exploitatie zich uitstrekte tot Waterval-Onder, werden daar met spoed tijdelijke gebouwen en woningen opgetrokken en kon in Januari 1894 het grootste gedeelte van het te Lourenço-Marques gestationeerde personeel derwaarts verhuizen.

De dienst van den landingspier en van de douanen zal echter steeds de aanwezigheid van eenig personeel aan de haven vereischen.

Ook een locomotiefdepôt werd te Waterval-Onder ingericht.

Terwijl met alle kracht de aanleg van den spoorweg van het oosten naar het westen werd voortgezet, werd in 1893 ook te Pretoria de spade in den grond gestoken, om van daaruit in oostelijke richting het stoompaard te gemoet te gaan en ook van die zijde de exploitatie te beginnen.

Eerst tot Eerste Fabrieken, daarna tot Elandsrivier en vervolgens tot Bronkhorstspruit, strekte zich in den loop van 1894 de exploitatie uit en toen op 20 October van dat jaar de van beide zijden snel naderende spoorleggers, elkander nabij Balmoral ontmoetten en de laatste bout op 2 November door ZHEd. den Staatspresident was aangedraaid, was het niet mogelijk langer weerstand te bieden aan den drang van velen, om reeds vóór het voor de opening van den dienst vastgestelde tijdstip, 1 Januari 1895, een voorloopige dienstregeling voor reizigers tusschen Pretoria en Lourenço-Marques in te voeren.

Op den 18<sup>den</sup> November 1894 werd de voorloopige personendienst aangevangen met drie treinen per week in iedere richting en aldus tot het einde van 't jaar voortgezet, terwijl de laatste hand werd gelegd aan het afwerken van de baan en de stations.

Op 1 Januari 1895 werd de dienst definitief geopend met één dagelijkschen personentrein in iedere richting.

Stond aanvankelijk de geheele leiding der Exploitatie onder den Chef van Exploitatie den Heer C.W. Verloop en na diens overlijden den Heer C.L. Plate, met de voltooiing der hoofdlijn en de lijn naar Natal in het verschiet, zou deze taak voor de schouders van één persoon te omvangrijk worden, en werd het noodig geoordeeld naast den Chef der Exploitatie, een Hoofd-Ingenieur voor den Dienst van Weg en Werken te benoemen.

In den Heer M.E.H. Breuning, die als Hoofd-Ingenieur van Aanleg zijn taak tot een einde had gebracht, zag de Directie hiervoor den aangewezen man, en de Heer Breuning aanvaardde op 1 Januari 1895 zijn nieuwe functie.

Als chefs van den uitvoerenden dienst op de lijnen zijn, aan het hoofd van de verschillende afdeelingen, te Johannesburg, Pretoria en Waterval-Onder, eerstaanwezende ambtenaren werkzaam, onder directe leiding van den Chef van Exploitatie en den Hoofd-Ingenieur. In het geheel zijn op 1 Januari 1895, 1 237 blanken en 3 302 kleurlingen aan de exploitatie verbonden.